

15 Maart

**Skrifgedeelte: Psalm 47**

**Fokusgedeelte: Psalm 47:2**

### **Klap julle hande, juig tot eer van die Here!**

Die nageslag van Korag, tempelsangers van beroep, skryf in Psalm 47 'n *juig-lied*, 'n *jubel-lied*! Hierdie *juig-lied*, *jubel-lied*, word nie tot die tempel en die tempelsterrein beperk nie. Ook word dit nie tot die mure van Jerusalem, die stad van God, beperk nie. Selfs die grense van die land Israel, so noukeurig deur die HERE vir sy volk uitgemeet, kan hierdie lied nie vashou nie! Die redes vir hierdie lied-sonder-grense word by herhaling verwonderd gestel: *God is Koning oor die hele aarde!* Ja, in die algemeen gestel: Alles en almal behoort aan Hom. Hy het alles uit niks daargestel, en hou dit steeds in stand.

Dit gaan egter oor veel meer. Dit gaan in hierdie Psalm spesifiek oor die mense van die aarde, en ook kollektief gestel, die volke van die aarde. Vir so lank as wat die mens bestaan, is daar rusie en oorloë, en dit spesifiek oor die besit van grond, van water, van aardse skatte en hulpbronne, en veral oor aardse mag. Hoeveel groot konings en heersers was daar nie al nie! Al die magsbehepte en versameling van rykdom het nog net die rykstes en hoogstes bevoordeel ... Bo hulle almal, egter, juig en jubel ons saam met die Koragiete, is die Groot Koning oor die hele aarde!

Nie as 'n misbruiker en magsbehepte het die Koning van die Koninkryk van die hemel, Jesus Christus, na die aarde gekom nie, maar as 'n Dienaar, 'n Versorger, 'n Redder! 'n Ewige Koning! 'n Koning vir elke volk en stam en taal en nasie ...

Daaroor kan, en moet ons soos opgewonde klein kindertjies handeklap! Juig en jubel met ons hele wese, omdat ons nie net weet van hierdie Groot Koning nie, maar selfs die voorreg het om in lewe en sterwe aan Hom te kan behoort! Groot is die Koning van alle Konings!

Sing: Psalm 99:1, 5 (Totius)

Ds. LSD du Plessis (Groblersdal)